

HABARI



Cathedral of the Highlands, NAIROBI

Alan C. Holmes


Nuusbrief van die Oos-Afrikavriendekring

Oct. 1993

26

Okt. 1993

Newsletter of the Friends of East Africa



*Van die Redakteur:
Outhou - ons vergader
op 2 Oktober '93 by die
Fonteine!*

*When shall we ...
meet again? On 3
October '93. (In the
present heat and (what
is presumably) draught
in the Transvaal, we
rather hope for thunder,
lightning and rain
on the day of the ren-
dezvous, but... perhaps
it will clear for a few
hours.*

*But thank you for all
the golden like byraes
wat ons ontrou het!*

*Dankie ook aan almal
wat geskryf het! Skryf
gerus nog meer. Julle
weet so baie van die a-
dae. Sorg dat dit behoue
bly! Eddie de Waal.*

Please write! We would like to be able to print an equal amount of English and Afrikaans material. Here are the names and addresses of the Committee of the Friends of East Africa:

Chairperson: Alex Boshoff, Box 21,
DERDEPOORTPARK, 0035 (012.8083664)

Vice Chairperson: Danie Steyn, Private Bag X422
SETTLERS 0430 (015332-621-H-/811-W)

Editor Habari: Eddie de Waal, 628 Keerom Str
HERCULES 0082 (012.772604/3792604)

Ds Piet Grobler, Kalkoenstraat 38,
MONUMENTPARK X2 0181 (012.455457)

Prof Pieter Nel, Posbus 11454 BROOKLYN
0011 (012.3454484)

Mrs Emma Stow, 14 Belrene Street
RIETONDALE 0084 (012. 329-4177)

"Deki" stuur die volgende gedig:

Dank vir die lewe.
Dank vir die lig.
Dank aan die Skepper van beide.
En dank, o dank, vir my dankbare plig
om die majesteit van God daarbowe
hieronder met hart en siel te lowe.

9 Maart 1993

Ian Miller writes:

Ex "When-we's" living around the area of Barberton, whom many of your readers will remember, are: Buks and Marie de Bruin living and farming outside Barberton; Hennie Korf, son / grandson of the famous Korfs, working in Nelspruit; Pat Drury banana farming at Hazyview; Tony Hawes, retired from forestry near Lydenburg, with their son Roy following in his father's footsteps; Don and Connie Clay retired but managing a yacht-club near Badplaas; Alf and Sunny Swan, also in forestry at Nelspruit. I also recently met Anna Engelbrecht (née Boshoff) married to Koos, who owns a business in Nelspruit. My old mother, who still lives in "64" tells me that we'd no longer recognise the place, what with all the new buildings, etc.

LAMU

I do not suppose that many Habari readers had the experience of going to or living at Lamu, the small island off the northern coast of Kenya, up towards the Somaliland border. One had to travel on a sand track from Malindi for several hours crossing the Galana and Tana rivers by ferry (one man pulling a rope attached to a pulley), and then on through palm scrub, several villages and coconut trees to the end point at Mokowe. There one parked one's vehicle and phoned through to the island to ask for a boat to collect one for the outward trip to Lamu proper.

The boats were locally built, powered by old 6-8 cylinder lorry engines, not always very reliable and had to be shared with various locals, plus chickens, goats or whatever.

In the wet season one could not reach Lamu by road, as the rivers were generally in flood. Then a sea-trip by dhow, or the occasional coaster, was the only way to reach or leave Lamu. This was quite another experience, especially if travelling by dhow, as the only

toilet was a wooden cage suspended over the side and with makuti matting walls being all that was between you and the sea.

Lamu was an old Arab/Portuguese stronghold with a fort, used as a prison in my time, and narrow, winding pedestrian streets with old Arab houses, rather like a smaller edition of Zanzibar. There were no vehicles other than hand carts and the occasional bicycle. The water was very brackish, due to the sea-water seepage into the wells, but one got used to it. For some time after leaving Lamu tea tasted as if it needed salt!

Persian and Arab dhows called in at Lamu on their way south with cargoes of carpets, dates and mangalore roofing tiles, sailing as far as Beira to do their trading. They were entirely dependent on the predominant winds, either the Northeast or Southwest winds known locally as the "Kaskazi" and "Kuzi". On their return northwards these dhows purchased mangrove poles (boriti) which they sold in Arabia and Persia for house-building etc. These "boriti" were cut in the mangrove swamps along the coast by the local Bajun (watu) under license from the Forest Department, and were then graded according to size and straightness by us, before being auctioned off by the local traders to the dhow owners, thus improving the quality of the poles sold, plus the price paid for them.

In my time, in the early 1950's, there were only four other whites living on Lamu, one of whom was the DC, another of the local, so-called, Hotel, Percy Petley and a couple of retired characters who had owned coconut plantations and made a living from hunting for ivory.

The British flag was only allowed to fly from buildings, but the Sultan of Zanzibar's flag was flown from poles planted in the ground. This applied all along the coast, as the Kenya coastal strip was hired from the Sultan under agreement made by the British with him, for

which he received an annual fee. Local Diwali's were also appointed by the Sultan and had to be consulted by the DC on various occasions when shauri's had to be sorted out.

Most of the buildings were double-storied and one lived upstairs, partly so as to catch whatever breeze there was, but mainly to be above mosquito level and thus to avoid catching malaria, which was prevalent at the time. Stores, boating equipment, servants and the local shops were all downstairs! Life was peaceful and the odd tourist had a great excuse to go to Percy's hotel for a dop. Today I hear that Lamu is a tourist mecca with new hotels.

IN MEMORIAM

Marjory Murray, dogter van mnr en mev Roberts van Nanyuki, is skielik in Januarie in Pretoria oorlede. Haar broer was die bekende Boyce Roberts.

Rodney Farr. Hy was 'n spoorwegdrywer in Kenia en seun van Gordon en Lucy Farr van Eldoret.

Albert Botha is vanjaar in Augustus oorlede. Hy was die seun van oom Sias en tant Lisa Botha van Ol Kalao.

Joyce Cherry (neé Robinson), died in England in the first half of this year. She was the sister of Christie Robinson (later Addison) and later married Colin Cherry, who was Postmaster at Eldoret for a time. Later they were transferred to Kampala, Uganda, where Colin was Postmaster for many years.

Hugo de Waal, seun van Eddie en Frolie de Waal van Spes Bona, Eldoret, is op 13 September 1992 skielik oorlede in Pretoria. Hy het op 68 nog steeds gewerk by die AEK. Hugo was getroud met Anna, 'n nooi Venter van Moiben se wêreld.

Mieta Fourie (gebore Cloete) is verlede jaar in Oktober oorlede te Empangeni. Mieta

het grootgeword in die De Waal huisgesin op Spes Bona, Eldoret, en is later getroud met At Fourie. Sy is oorlede nie lank na Hugo de Waal nie, haar neef saam met wie sy grootgemaak is. Hy het geen lang siekbed gehad nie, maar sy het. Toe sy oor die telefoon gesê word dat hy oorlede is, het sy op 'n kenmerkende wyse gereageer: "Dan het hy my sowaar voorgespring!" In 'n mens se hartseer waardeer jy dan en wan so 'n onverwagse reaksie.

Don Bouwer skryf oor die GMR-stelsel:

Hoeveel mense sal nog die opskeif hierbo herken en weet wat dit beteken? Baie boere uit Kenia sal dit sekerlik nog onthou.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n groot tekort aan voedsel en toe het die Britse regering alles in werking gestel om genoeg voedsel te produseer om die honger massas in Europa te kan voed. Om die boere in staat te stel om die voedsel te produseer, het hulle goedkoop geld aan die boere beskikbaar gestel om die nodige produksiemiddels te bekom en die voedsel te verbou in die vorm van 'n "Guaranteed Minimum Return" - vandaar die voorletters G M R. In die praktyk het dit beteken dat elke boer wat gebruik gemaak het van die reëling, gewaarborg was dat hy, in die geval van 'n misoes, ten minste sy produksiekoste sou kon verhaal. So kon hy op sy plaas bly en met sy boerdery aangaan.

Na dertig jaar sedert die tyd toe ons met die sisteem gewerk het, is my geheue maar redelik verroes en kan ek nie al die detail onthou nie.

Soos ek onthou, moes elke boer wat by die reëling betrokke was, aan die begin van die produksieseisoen 'n begroting indien van die aantal gewasse wat hy in daardie seisoen wou verbou, en die aantal acres van elke gewas. Nie alle gewasse het onder die skema geval

nie en die finansiering was hoofsaaklik vir koring en mielies.

Op sy begroting moes die boer onder andere aandui hoeveel pond kunsmis hy sou toedien. Om te verseker dat die plant voldoende voedsel sal kry en ordentlik sal produseer, is hy nie toegelaat om onder 'n minimum massa kunsmis toe te dien nie. Ook is hy net toegelaat om seker kultivars te gebruik om te verseker dat die bakkerye tevrede sou wees met die koring se gehalte. Daar was kultivars wat redelik goeie produksiepeile kon behaal, maar 'n baie swak bakgehalte gehad het - byvoorbeeld die ou staatmakers, Sabanero en Kenya Governor, wat in die deel waar ek gewoon het, beter presteer het as die meeste ander kultivars, maar vir die bakkerye onaanvaarbaar was. Daar moes ook gesorg word dat die boer 'n taamlike verskeidenheid koring kultivars plant om sodoende die roesfaktor te beperk.

Al die direkte produksiekoste is deur die skema gedek. Die boer kon ook lewenskoste van die skema verhaal - hy moes net geldige faktures voorlê aan die komitee, wat dan sou besluit om die uitgawes goed te keur al dan nie. Daar was 'n maksimum bedrag wat die boer nie mag oorskry het nie, behalwe met spesiale goedkeuring van die distrikskomitee.

Die samestelling van die GMR-komitees was soos volg: Eerstens is die hele gebied, sê byvoorbeeld van die Uasin Gishu, opgedeel in produksiewyke. Die boere in elk van die wyke het vyf persone gekies uit hulle eie geledere om op die wykskomitee (produksiekomitee). Hierdie vyf persone het dan 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris gekies. Die voorsitter of die ondervoorsitter het sitting gehad op die sentrale komitee (bv Uasin Gishu), wat weer op hulle beurt vanuit die lede van daardie komitee 'n voorsitter en ondervoorsitter aangewys het. Die komitee het 'n aangestelde sekretaris met sy eie kantoorpersoneel gehad wat die

administratiewe en sekretariële werk gedoen het. Dit was rofweg hoe die hele stelsel gestruktureer was in al die blanke boerderygebiede in Kenia.

Die komitees het wye magte gehad. Hulle moes toesien dat goeie landboupraktyke gehandhaaf word deur al die boere onder hulle jurisdiksie. Daarom kon hulle enige tyd inspeksie doen op 'n boer se plaas. As die boer se begrotingsvorm aan die begin van die seisoen nie aan die vereistes voldoen het nie, kon hulle die boer gelas om die vereistes na te kom, en kon hulle die boer dan deeglik dophou om te sien of hy dit wel doen.

Aan die begin van die skema herinner ek my dat 'n paar boere besoek moes word, maar na 'n jaar of twee was dit nie meer nodig nie, want toe het hulle die vereiste boerderymetodes gevolg. Hulle finansiële resultate het ook getoon dat hulle beter boere geword het.

Een van die groot voordele van die skema was nie net dat die Briste regering die gesogte voedsel kon bekom nie, maar dat die boere self tot 'n groot mate finansiële daaruit gebaat het. Een rede waarom daar na Uhuru van die skema afgesien is, was omdat dit die blankes bevoordeel het. Die ander rede was dat Kenia van Engeland afhanklik geword het en dat fondse nie meer beskikbaar was nie.

Die sentrale komitee moes algemene riglyne daarstel en ook spesiale vergunnings maak ten opsigte van die aangevraagde produksieleninge, soos byvoorbeeld lewenskoste of enige ander onvoorsiene koste wat die boer sou aanvra. Die departement van landbou het ook op die sentrale komitee sitting gehad; hulle moes sorg dat goeie boerderypraktyke gehandhaaf word.

In baie gevalle is die voorligtingsbeampte genooi om saam met die produksiekomitee die boere te gaan besoek om voorligting te gee.

Die produksiekomitee moes ook enige skade aan oeste gaan takseer, hetsy dit nou haelskade was, of die buurman se beeste wat die oes vertrap het. Dit moes dan aan die distrikskomitee gerapporteer word.

Die boer was verplig om sy oes aan die koöperasie te lewer. Op hulle beurt moes die koöperasie die omvang van elke boer se oes aan die sentrale komitee bekend maak. Elke instansie wat die boer voorsien het van produksie- of lewensmiddels moes by die distrikskomitee goedkeuring kry vir die vereffening van hulle rekenings deur hulle faktures voor te lê. Ons komitee moes al op 'n keer beslis of die boer se kruideniersrekening nie ook drank ingesluit het nie. In Kenia kon jy jou drank by die kruidenierswinkels bekom, en alleen noodsaaklike middels kon deur die GMR gefinansier word. Nadat al die produksieskulde afgetrek was, is die restant na afhandeling van die oes in die boer se bankrekening oorbetaal.

Omdat die koöperasie nie genoeg bergruimte vir die hele oes gehad het nie, is 'n voorskot uitbetaal aan die boer sodat hy sy dringendste koste kon dek, en wanneer die hele oes by die koöperasie gelewer is, is die finale uitbetalings gemaak.

Dit was vir my 'n voorreg om, saam met ander boere, ons medeboere tot diens te wees, met die wete dat die werk wat ons vrywillig gedoen het, ander mense gehelp het om 'n beter bestaan te voer. Ek het die voorreg gehad om saam met mense soos oom Fanie Kruger te werk; hy was die eerste voorsitter van ons produksiekomitee, en na hy oorlede is, het Eddie Steyn die voorsitterstoel ingeneem. Ek het vir baie jare as sekretaris van die produksiekomitee gedien en later voorsitter van die komitee geword.

Don Bouwer

SAFARI HINTS (from The Kenya Settlers' Cookery Book and Household Guide, Saint Andrew's Church Woman's Guild, 1958)

The housewife who finds herself responsible for getting a safari ready will find it best to prepare a careful list of everything necessary beforehand and to check the list as the packing proceeds. This list should be kept for the future and altered or augmented as experience suggests.

A boy who has been on safari is a great help, as he generally knows what is required, but even the best boy should be supervised.

Careful, well-thought-out packing makes a difference to the number of boxes required and the speed with which each camp can be struck. It really pays to have a special place in each chop box for each thing and to insist that the boys return things to their proper places. This saves confusion in the small space at one's disposal in a tent and also saves time and worry in searching for things.

The cook can usually be trusted to look after his kitchen necessities but it is wise to see for oneself that nothing has been omitted. He will require clean petrol tins for heating water and if there is no safari oven another tin for use as such; a bucket, a frying pan, a set of 5 or 6 sufurias, fitting into one another, lids for these, or sufficient tin plates to serve the purpose, bread or cake tins, a washing-up bowl, a mixing bowl, a strainer, kitchen knife, fork, spoons, a charcoal iron, matches, soap, dishcloths, etc. (see List).

For provisions, much depends on the district one is going to and the tastes of the camper. Each district differs in what it can supply fresh to the camp but milk, eggs and fowls can usually be obtained in Reserve Areas, while in some places small game and birds ensure a fresh supply of meat. In some districts

vegetables are not obtainable so they should be included in the stock of provisions. It should be noted that while potatoes and onions keep indefinitely and carrots, cabbage, etc., a few days, most green vegetable deteriorate very quickly when confined in a chop box.

Fruit must not be forgotten, lemons especially for a cooling drink. Oranges and apples pack well. Dried fruit if it is liked and some tins of preserved fruit should always be included. A couple of "chargals" slung outside the car and kept filled with water will give a constant supply of cold water. A large tin of plain biscuits is a necessity.

An excellent substitute for bread is made as follows:-

1 cup flour, 1 cup wheatmeal, 1 teaspoon sugar, 2 teaspoons baking powder, 1 egg, milk to mix to the consistency of scones.

Cook to a quick oven. When nearly ready take out, split in halves, return to oven and bake till brown and crisp.

A SUGGESTED LIST FOR SAFARI

- 1 a boiled ham
- 2 bowls
- 3 bread
- 3a butter
- 4 baking powder
- 5 beef extract
- 6 cups and saucers
- 7 cutlery
- 8 candles
- 9 camp bath
- 10 camps beds and bedding
- 11 Chargals (for water)
- 12 Curry powder
- 13 cake
- 14 cheese
- 15 Dietz lanterns
- 16 debbies (petrol tins)
- 17 dish towels and dusting rags
- 18 dried fruit

- 19 eggs
- 20 flour
- 21 fresh fruit
- 22 1 housewife (containing pins, needles, cotton, etc.)
- 23 kettle
- 24 lard or dripping
- 25 matches
- 26 mosquito nets
- 27 methylated spirit-stove with solid fuel, or primus stove
- 28 plates
- 29 paraffin
- 30 pepper and mustard
- 31 petrol and oil
- 32 rice, cornflour, sago, etc.
- 33 spoons and forks
- 34 shoe polish
- 35 shoe brushes
- 36 soap
- 37 saucepans
- 38 salt
- 39 sugar
- 40 side of bacon
- 41 sanitary paper
- 42 teapot
- 43 towels
- 44 tea, coffee and cocoa
- 45 tinned milk (sweetened and unsweetened)
- 46 tins of biscuits (plain and sweet)
- 47 tinned meat
- 48 tinned fish
- 49 tinned fruit and vegetables
- 50 thermos flask
- 51 tin-opener and corkscrew
- 52 vinegar and salad-oil
- 53 vegetables
- 54 water (drinking)
- 55 yeast

A small medicine chest to contain:-

- 1 permanganate
- 2 malarial preventative
- 3 aspirin
- 4 salts
- 5 cotton wool
- 6 old linen for bandages

- 7 scissors
- 8 Euflavine or iodine
- 9 Elastoplast
- 10 diarrhoea mixture or tablets
- 11 brandy

A CAMP RANGE. - Carry a piece of sheet iron, 3 ft. by 2 ft. in which holes have been cut for saucepans as in an ordinary range. Build three side walls with stones to height desired (about 1 ft.) and place iron on top. Build fire underneath.

MY EERSTE EN LAASTE SAFARI

As alles op die Plateau klaar geplant was, van begin tot so middel Junie, het dit elke jaar gereën soos wat maar net ons, wat daar grootgeword het, dit geken het. Dan het alles te pragtig gegroei. Dan ook het die boere gewoonlik 'n plekkie gaan soek om van die alledaagse weg te kom.

Dit het afgehang van 'n mens se voorkeure waarheen jy sou gaan. Sommiges is see toe. Ander is "Suide" toe om vir familie te gaan kuier of, as jy nog nie getroud was nie, om te gaan soek na 'n wederhelf - 'n hele paar ouens het dit nogal reggekry. Maar die grootste aantrekking was die jagveld. Daar was 'n aantal opsies: Masai toe, of die "Northern frontier" - noord van die berg Kenia, of waar ook al jy wou gaan jag.

Oom Karel Emslie en oom Andries Pretorius kon nie wag om na die jagveld toe te vertrek nie. Ek was nog ongetroud en onervare toe oom Karel my gevra het of ek wil saamgaan. My pa het ingestem ek het die baie opgewonde saam met hulle vertrek. Ek was ook deeglik daarvan bewus dat ek moet katvoet loop, want oom Karel was bekend as 'n opperste plaatjie, wat geen kans verby sou laat gaan om iemand 'n poets te bak nie.

Ons was vyf mense op daardie safari: oom Karel, oom Andries, Piet du Plooy, mnr

Metcalf (of Kit, soos sy noemnaam was) en ekself. Kit Metcalf was 'n onderwyser by die Eldoret skool.

Die eerste dag het ons tot by die voet van die "Escarpment" gery en gekampeer langs die stroompie wat van die berg af gekom het. (Ek wonder hoeveel van ons mense het in die ou dae daar gekampeer?) Daar het die gees van die safari ons almal beetgepak en die groot "brag" oor elkeen se vuurwapen was aan die orde van die dag. Oom Karel en oom Andries het elkeen 'n dubbelloop 470 geweer gehad, Piet 'n 10.50 Mauser, ekself het my pa se 9mm Mauser gehad en Kit se geweer se kaliber kan ek nie meer onthou nie, maar ek weet dit was 'n minder bekende soort. As ek dit nie mis het nie, was dit 'n 11 mm Mauser. Die grootte van elke geweer se patroon is toe gemeet en daar is baie vertel oor hoe doeltreffend al dan nie elkeen se geweer was, en elkeen se vermoë om raak te skiet. Ek het maar gesit en luister. My geweer was nou nie juis een van die beste wat jy kon kry nie, maar ek kon ook 'n ding daarmee doodskiet en was tevrede.

Die volgende oggend het ons weer alles opgelaai en Nairobi toe gery om die laaste nodige goed te kry. Toe vat ons die pad Nyeri toe, draai daar af en ry na die Thiba rivier toe, waar ons wou gaan jag. Die Thiba rivier ontspring bo in die berg Kenia vanaf die ysgletsers en vloei dan later in die Tana in. Ons het laat die middag in die jagveld aangekom, en toe al was ons oë gerek om leus te sien. Daar was baie ander diere, maar nog geen leus nie. Naby die kampplek het oom Karel 'n hartbees geskiet vir die pot daardie aand.

Ons het langs die rivier 'n lekker kampplek onder die groot doringbome uitgesoek. Die gras moes eers verwyder word en nie lank nie en die kampplek was gereed. Die son het al begin sak, die kampvuur is aangesteek en die kampstoele is om die vuur gerangskik. Dié wat jaste gehad het, het dit aangetrek, want daar het 'n geniepsige koue wind vanaf die

bergpiek op ons gewaai. Terwyl die kos gaar word, is die nodige weer oopgemaak en het ons baie gesellig om die vuur gesit.

Maar nie vir lank nie. Dit was toe al vir my duidelik dat meeste van die poetsbakkery op die jong manne, soos Piet du Plooy en ek, toegespits sou word. Ons twee het toe ooreengekom dat ons sou saamstaan en dat ons net so goed sou uitdeel as wat ons sou ontvang.

Dit was ook nie lank nie om oom Andries gryp skielik 'n gloeiende stomp en beweeg baie vinnig na my kant toe om dit tussen my bene te druk. 'n Mens sit mos nie stil as daar gevaar kom nie en ek spring op en hardloop so hard ek kan om weg te kom, maar wie kon nog ooit wydsbeen hardloop? Jou vermoë om spoed te kry, is dan drasties beperk, en as die stomp hier tussen jou bene boer, hardloop jy met jou bene al hoe verder van mekaar af. Piet het toe daarin geslaag om oom Andries van my af weg te kry.

Almal het natuurlik die spektakel geweldig geniet. Dis te sê, almal behalwe ek. Toe, nadat ons klaar geëet het, staan ons elkeen met 'n beker warm koffie in die hand. Oom Karel staan voor my, en ek sien dat sy army jas se kraag so 'n lekker regter vorm hier om sy nek. Die kans kon ek nie laat verbygaan nie. Ek fluister vir Piet hy moet maak asof sy voet teen iets vasgehaak het en dan moet hy teen my struikel. Hy doen dit toe so oortuigend dat ek nie anders kon nie as om die hele beker warm koffie by oom Karel se nek af te gooi. Jy het nog nooit 'n persoon so vinnig uit sy klere sien klim soos oom Karel daardie aand nie. Natuurlik het ek gemaak asof dit 'n ongeluk was, maar ek en Piet het besef dat ons baie versigtig sou moes wees en ons oë wyd oop moes hou.

Daardie jaar was dit baie warm en droog. Die wild het meer in die haak-en-steek ruigtes geboer. Dit was moeilik om wild in die oopte te kry. Ons moes dus gaan soek waar hulle wei. Die jagters, dit wil sê oom Karel, oom

Andries en oom Kit het lisensies gehad om elkeen 'n buffel, 'n renoster, 'n leeu en 'n eland te skiet, en soveel ander wild as wat hulle wou. Ek en Piet het maar ons gewere saamgeneem vir geval ons ons sou moes beskerm teen een of ander gekwete dier.

En so het dit toe gekom dat ons op 'n dag spesifiek renosters gaan soek het om te skiet. Gewoonweg sou 'n mens hulle meer in die oop veld gekry het, maar omdat ons hulle nie daar kon kry nie, het ons maar in die ruigtes gaan soek.

Die ruigtes het grotendeels uit haak-en-steek bestaan, en elke kol was 'n hele paar hektaar groot. Al manier om daarin te beweeg, was om die paaie te gebruik wat deur die diere gemaak is. Maar aangesien 'n renoster, veral die swart renoster, nie juis 'n vriendelike kêrel is nie, en jou sal storm sonder waarskuwing, is daar toe besluit dat ek en Piet aan die windkant van die bos om sou beweeg en dat ons af en toe skote in die bos in sou skiet. Die ander manne sou dan wind-af van die bos die renosters voorlê, wanneer hulle vir my en Piet se skote wegghol.

Maar wie sê? Renoster se kind storm toe sommer die twee rusverstoorders hier by hulle. Wetend dat ek en Piet geen lisensie het om hulle te skiet nie, skreeu ek vir Piet om om 'n klein bos te hardloop, maar Piet dink toe anders en skiet een van die stormende renosters plat. Ek hardloop om die bos en hardloop my teen die ander een vas, en skiet toe dié ook plat.

By nadere ondersoek kom ons agter dat ons 'n koei met haar kalf doodgeskiet het, natuurlik tot groot vermaak van die ander manne, maar dinge het so vinnig gebeur dat jy nie tyd gekry het om te besef wat aangaan nie.

Wat nou gemaak? Hier het twee manne sonder lisensies twee renosters geskiet. Jy kon nie wag om daaroor stil te bly nie, want die Departement van Wildbewing se spioene was oral rond. Dus toe maar Distrikskommissaris toe om lisensies te

bekom. Die naaste een was op Embu. Dit het ons 'n hele dag weg van die kamp af gekos om die lisensies te gaan haal.

Die son was al aan die ondergaan toe ons weer by die kamp kom. Dié wat agtergebly het, was baie bly om ons weer terug te sien. Hulle het ook deeglike maatreëls getref om ons terug te verwelkom. Die eerste ding wat oom Karel toe vir Piet aanbied, is 'n sigaret. Hy kon nie wag om die sigaret vir Piet aan te steek nie. Niksvermoedend gee Piet toe 'n paar sterk trekke aan die sigaret, en die volgende oomblik staan hy daar met sy hele gesig pikswart. Die sigaret was toe al die tyd gelaai met kruit wat in sy gesig ontplof het. Gelukkig het my sigaret nog nie by die plofstof gekom nie; ek gooi dit toe in die vuur en jy sien net vonke spat soos die sigaret daar ontplof.

Ons twee reken toe dit sou die end van die "verwelkoming" wees, maar wat wou. Daardie nag moes ek en Piet baie dorings uit ons beddens haal voor ons kon slaap.

Die dag toe die buffelkwota gejag moes word, moes ons hulle ook in die bos gaan soek. Die bos was so ruig dat 'n mens op baie plekke nie verder as twee treë van jou af kon sien nie. Net hier en daar het jy betreklike oop ruimtes gekry waar jy so vyf na tien treë verder kon sien. So ver as wat jy in die bos ingeloop het, kon jy die takke hoor kraak soos die diere weghardloop, maar jy kon hulle nie sien nie.

Ons was nog in enkelgelid op die bospaadjie toe oom Andries heel voor skielik vassteek, aanlê en 'n skoot aftrek. Ons wat agter geloop het, kon nie sien waarna hy geskiet het nie, dit was so ruig, en toe die skoot val, toe brul die dier. Kit Metcalf spring voor ons almal se gewere in en skiet vir al wat hy werd is, maar in sy haas skiet hy net bome raak. Intussen kon ek ook op 'n plek kom waar ek kon sien wat aan die gang is. Ek sien toe dis 'n groot Buffelbul wat op ons afstorm, maar omdat Kit voor ons almal staan, kan ons nie een skiet nie omdat hy raakgeskiet sou word. "Boere, nou

moet julle skiet," sê oom Karel toe. Drie skote klink toe soos een, en nog 'n skoot 'n sekonde na die ander drie, en die buffel sak inmekaar drie treë van ons af.

Ons gaan kyk waar elkeen die dier raakgeskiet het en kan net vier gate tel: oom Andries se eerste skoot, wat die dier gekwes het, en dan een elk - myne, Piet s'n, en oom Andries wat weer 'n skoot kon inkry. Maar oom Karel het tog ook geskiet? Ons kan nie sy koeël se gat kry nie. Ek stap om die buffel en sien 'n koeëlstreep op die dier se rug - oom Karel se skoot! Tot kort voor sy dood het ons oom Karel oor daardie skoot gespot - die skoot wat 'n sekonde later geval het.

Omdat ons gestap het om die diere te soek wat ons wou skiet, het ons vroeg uitgegaan, toe dit so koel was dat 'n mens iets warmes soos 'n baadjie moes saamvat. Natuurlik het elkeen sy oudste klere vir die jagtog aangetrek, en party s'n was maar verflenter. Orals aan die klere was daar rafels. Oom Karel was ook die laaste een wat 'n versoeking kon weerstaan. So elke uur of wat het ons in 'n koelte gaan rus en 'n sigaret opgesteek. Oom Karel sou dan jou aandag aftrek deur vir jou iets in die veld te wys, en dan die rafels aan jou klere aan die brand steek met 'n sigaret. Dan kom jy agter, terwyl jy stap, dat jy voel jou kuit brand, en dat jou broekspyp bokant die stewels al aan die brand is - tot die ander se groot vermaak. Die eerste keer was ook die laaste keer wat hy dit kon regkry. En hy het ook goed deurgeloop, want hy het gedink dat dit nie met hom kan gebeur nie.

Dit was 'n heerlike uitstappie en ek was van plan om weer later op safari te gaan. Toe ek weer in Nairobi gekom het nadat ons terug was by die huis, het ek vir my by May & Co 'n 9.3 Mauser gekoop, een van die mees gesogte jaggewere van daardie tyd, maar ek het nooit weer die kans gehad om die opwinding en romantiek van die jagveld te ondervind nie, en het later die geweer aan iemand hier in Suid-Afrika verkoop.

Don Bouwer

'n Brief van ds M P Loubser,

geskryf uit Durbanville, Suid-Afrika en gerig aan die Ned Geref gemeente Vergenoeg. Hy skryf op 14 Mei 1915. (Die oorlog waarna hy verwys, is die Eerste Wêreldoorlog). Om dit makliker te laat lees, is die brief hier in Afrikaans oorgesit.

Geagte vriende,

Ek het aan julle geskryf, maar skynbaar het julle nie my brief ontvang nie. Net gister kry ek toe 'n brief wat julle op 16 Maart aan my geskryf het. Laat my toe om vir julle daarvoor dankie te sê. Ek was bly om te hoor dat dit met die werk daar goed gaan; en ook met die mense.

Ek is bevrees dat Brits-Oos vanweë die oorlog ook baie swaar sal kry, want as gevolg van Engeland se groot onkoste sal daar min geld oorbly om op die Kolonie van Brits-Oos te spandeer. Ek wil graag weet wat nou die nuwe voorwaardes is waaraan mense moet voldoen om grond te kry. Ek weet nie wat die Moederkerk se plan met die gemeente van Vergenoeg is nie. Dit lyk nie vir my of die oorlog gou gaan ophou nie. Daarom is dit voorlopig nie raadsaam om spesifieke planne vir die toekoms te maak nie. Ek hoop dat mnre Laurenz, Pienaar en De Villiers die groot kwessie van nasionaliteit getrou behartig en voorgestaan het.

Die tyding van julle twee sustersbidure maak my bly. Ons leef hier maar ook in afwagting. Want daar is geen vooruitsig op vrede nie. Ons bid en vra die Here om deur hierdie oorlog sy eie mense te reinig en te louter. Die Christene in die wêreld het nou gesien dat opvoeding en beskawing sonder godsdiens die hele wêreld in 'n bloedbad verander het, daarom bid ons dat, as die oorlog verby is, daar 'n magtig stroom van samewerking sal kom oor alle denominasies, dat ons hande sal kan vat en werk vir die uitbreiding van Christus se koninkryk onder al die volke van die wêreld. Ook Uasin Gishu moet 'n brandpunt word wat ook 'n groot lig oor die

omringende heidene sal uitstraal, en dat elke Boerehuis op die plateau 'n ligtoring sal word om te skitter en te skyn oor die jong gemeente van Christus se Kerk. Lees dus elke dag met 'n kinderlike geloof die heerlike Bybel, en kniel voor God in gebed, en Hy sal u lewe wonderlik laat voleindig.

THE ZIONIST INSPECTION

At the beginning of the century the Uasin Gishu and that Trans Nzoia were nearly made into a foretaste of the Promised Land.

Joseph Chamberlain has always been sympathetic towards the Zionist Movement and, after a severe Russian pogrom in 1902, he proposed that the Jews should seek a temporary home while they waited for their return to Palestine. While he was Colonial Secretary, he toured the Protectorate of Kenya, as it was then, and was struck by the emptiness of the country, its fertility and its healthy climate, and saw that here was an ideal "Antechamber to the Holy Land". His suggestion was received with consternation by the settlers already here who were still waiting for their title-deeds. The Jews themselves were not so keen on the scheme and were very divided, but agreed to set up 'n three man commission to the Uasin Gishu as suggested by Sir Charles Eliot, who was governor at the time when the scheme was first proposed to the Jews.

So in 1904 the three inspectors arrived and, accompanied by two settlers, they took the train to Londiani and from there they walked. They camped at the edge of the forest at the top of the escarpment after a stiff climb. On the next day's march they were surrounded by a group of Masai warriors in full war dress, who were eventually persuaded to withdraw after the settlers had reasoned with them. That night lion came close to the tent and again the three Jews had little sleep. In the morning, when the inspectors had seen the pug marks, the two settlers told them the story of the man eating lions of Tsavo.

The commission stayed a very brief time on the Plateau and returned to England to say that they thought the area was quite unsuited to settlement of urban Jews from Russia.

Voortrekkerslewe in Donker Afrika deur Bwana Maie

Die skrywer - Bwana Maie - het van Frankfort in die OVS na Brits Oos-Afrika gereis op die boot "Hertzog". Die boot het vanaf Delagoabaai vertrek op 14 Desember 1908. Saam met hom was oom Piet en tant Pietjie van Maltitz, hulle drie seuns - Piet, Lud en Bokkie, en Jan en Hettie Barnard. Bwana Maie se boek het in 1923 die lig gesien en het 'n tweede druk beleef in 1928. Wie was Bwana Maie? Dit weet ek nie - dalk sal iemand kan help. Hy noem ook nog heelwat ander mense, onder andere oom Abel Erasmus, oom Piet Steenkamp, 'n ene Schutte, en veral ds. Loubser.

"Verbrandebos"

Aan die end van die langdurige digte bos, net voor 'n mens die vrugbare grasvlaktes van die Uasin Gishu ingaan, kry ons 'n plek wat met reg die "Vallei van die Dood" genoem kan word. Dit is 'n afgebrande bos van sederbome waar die swart stompe by 'n mens 'n treurige herinnering opwek van 'n vervloë grootheid. Sierlik, selfs nog in hulle dood, lê die konings van die woud daar, soms tot honderd voet lank en van vier tot vyf voet in deursnee, terwyl die gras en veral die varings seëpralend tier oor die naakte liggame van die eens trotse konings teen wie hulle vroeër tevergeefs probeer het om op te was.

'n Sombere gevoel van doodsheid maak hom meester van 'n mens by die aanskoue van die verwoesting wat een element kan aanrig, en juis hier lê geraamtes van buffels en renosters en ander diere op hope. Hier is die plek waar die Dood self sy spoor agtergelaat het. 'n Aaklige rillig loop daar deur 'n mens se lyf by die gebrul van die leus, die gehuil van die jakkals, die geblaas van die renoster, want die wilde diere vergader hier in enorme getalle.

Verlore - alleen met heimwee verlangend na wat verby is, het ek later menige aand sit en peins. Nietig - klein die die lewe van die mens. Ja, die einde is daar - vroeër of later, maar seker kom hy. Die natuur wys dit vir ons.

Verby - vir ewig verby is al die grootheid en prag.

Nooit weer sal daar veranderinge in die doodsheid kom nie - nooit weer die verlore grootheid herstel nie.

Weemoedig stem dit 'n mens, maar moedeloos? - nooit. Die lig van Hoop en Geloof skyn helder deur.

Siedaar, leser, die gedagtes wat by my in die "Vallei van die Dood" opgeklim het terwyl ek saans alleen met 'n klompie barbare daar in die flikkerende vuurvlamme gesit en kyk het terwyl ek "swyend luister na die keteltjie wat sing".

"Doedoes", oftewel sandvlooie

Op Nairobi, in die groot hotels, hou hulle spesiaal mense aan om die voete van besoekers te ondersoek om die doedoes uit te haal.

Piet von Maltitz was eens vir 'n paar dae by my. Op 'n goeie dag kry hy 'n brief van sy ma, waarin sy hom van die doedoes skrywe, hoe 'n mens dit moet uithaal, en dat hulle alreeds 'n paar in hulle voete gekry het. Ons moet tog kyk, want hulle is so 'n gevaarlike klein diertjie. Ons begin toe dadelik ons voete ondersoek, en ja, waarlik. Piet kry elf in sy voete en ek drie. Ek het daar inboorlinge gesien van wie se voete en selfs al die bene tot verderf oorgegaan het.

Inheemse gelowe en gebruike

Onder mekaar verskil die inboorlinge nogal baie in geloof en maniere. So glo byvoorbeeld die Nandi nie daaraan om 'n wolf dood te maak nie, want, sê hulle, die wolf is die graf van hulle moeder. Hulle begrawe nooit hulle dooies nie, behalwe die heel oues en kleintjies, maar sit die lyke op 'n sekere plek neer waar die wolwe dit kan opvreet.

'n Sendeling dame het eens op 'n plek gekom waar al die inboorlinge heeltemal naak loop. Dit pla haar toe soveel dat sy 'n hele klompie doeke onder hulle uitdeel om om te hang. Toe sy later weer terugkom, loop almal met die doeke om hulle koppe. Ek het dikwels probeer om hulle sover te kry om 'n stukkie klere te dra en al antwoord was: "Is jy dan siek, waarom wil jy jou lyf toemaak?" Iets wat ook op 'n duidelike wyse hulle onskuld aan die dag lê.

Frieda Barnard skryf:

Net 'n paar herinnerings uit my geboorteland Kenia. Ja, hoe verlang ek nie soms terug na my ou geliefde Verbrandbos nie. Burnt Forest - oftewel Matrakwa - die sederbos wat twee jaar lank gesmeul het - die verbrandebos wat Bwana Maie die "Vallei van die Dood" genoem het! Nooit sal ek die sorgelose lewe daar as kind vergeet nie, tussen my familie - Oupa en Ouma Abraham Joubert (sommer net Oupa Bêr) en Oupa en Ouma Tienie (Prinsloo), en Oupa en Ouma Steenkamp. Ek dink hoe ons van plaas tot plaas kaalvoet gehardloop en gaan vrugte eet het - onder andere granate en die lekkerste turksvye wat in die Masai gate gegroei het naby die kerkhoffie. Ons wat altyd so bang vir die Nandi Beer, asook die bulle by die Nandi beeste. Maar net om by die oupas en ousas te kom met hulle lekker vrugte het ons maar die pad gevat.

Ampie, Wessel, Tommie en ek is te perd skool toe. Die skooltjie was op mnr Arneson se plaas, sowat vier tot vyf myl van ons af. Verklum kom ek by die skool aan, my hande vasgeklem om die toom. Dan het ek nog 'n paar keer van die perd af geval en moes ek ou Lady eers by 'n miershoop kry voor ek kon opklim. Een keer het wildehonde ons voorgekeer. Ons jaag toe deur oom Gert de Jager se wattleplantasie en breek so baie van die jong boompies af. Oom Gert was baie kwaad vir ons. Nog 'n keer het dit vreeslik gereën die middag en my perd het volstrek geweier om verder te loop. Ewênwel, my pa, Soon Steenkamp, het by suikervlei vir ons gewag en die perde met ons op die rug deurgeswem. Weer eens verklum! Ag, en ons was tog so bang vir oom Frik Olivier. Tant Annatjie Smit was ons weer so lief voor. Sy het nooit die kweperlat gebruik nie.

Ek kan nie dink dat ons leer skryf het met die griffel en die lei nie en die ou nat, bedompige lappie om alles weer af te vee nie.

Al my maats by die Highlands op Eldoret. Ou mnr Hunter wat vir ons "Scottish Dancing"

geleer het. Ek is nou nog lief vir dans. Ek wonder waar is Lorna en Brenda Bressel, Yvonne en Leonie van Ryneveld? En hoekom kom Stoffelina Prinsloo nooit saamtrek toe nie? Onthou julle hoe moes ons ons tekkies Saterdag was n skrop en dan "Blanco" smeer? Ag, en ons ou harde khaki rokkies en broekies. Hoe het die goed ons nie geskaaf nie! Ek het gereeld gehuil as ek die das moes aansit. Nan, kan jy onthou toe jy mnr Hunter se hoenderhaan met die kettie doodgeskiet het, en toe gesê het hy is dood aan "Kikuyu Disease"?! En hoe ons dogters vir Miss Watson - sy het aardrykskunde en naaldwerk gegee - ou Pêrebek genoem het oor sy so lelik en kwaai was? Ja, ons het altyd so baie gelag. Dit was lekker dae daardie.

Toe ek so sewentien, agtien jaar oud was, breek die oorlog uit en ek gaan werk by Unga Ltd waar ons onder andere gekyk het hoe 'n groot persentasie Datura Stramonium oliesaad in die boere se koring was, en koring vir meel geruil het - 80 lb meer vir 'n 204 lb sak koring. Kan julle boere dit nog onthou? Mnr Addison van Unga Mills is later met Christie Robinson getroud, en Marie Fourie met mnr Holmes, die bestuurder. En onthou julle daar die vet, vreeslike osse wat werkies daar by Unga Ltd gedoen het?

NAGMAAL IN NAIROBI

Uit OOS-AFRIKA, die blad van die Ned.Herv. of Geref. Gemeentes Meru, Vergenoeg en Loubser, Oos-Afrika, Oktober 1947
Deel 1, nr 5:

Gedurende die eerste naweek van Julie kon ons op 'n geseënde wyse weer die Heilige Awendmaal in Nairobi vier. Ons was dankbaar om ds A H Malan van die gemeente Meru ook by ons te kon gehad het. Met die byrekening van die seuns en dogters uit die

hoërskole was daar die Sondag by die Nagmaal 103 aanbidders. Dit is die eerste maal dat ons in Nairobi die honderd-kerf verbygaan.

By die stigting van die gemeente is daar besluit dat daar elke jaar een kerkraadsvergadering op Nairobi gehou sal word. Hieraan is die Saterdag voor Nagmaal ook weer uitvoering gegee. Ons waardeer dit dat die opoffering om 120 myl en meer na die vergadering te reis, vir kerkraadslede uit die ander deel van die gemeente nie te veel was nie.

Voor die voorbereidingsdiens is daar ook 'n gemeentevergadering gehou. Ongelukkig was die bywoning nie baie goed nie, maar aangesien daar baie goed van die vergadering kennis gegee is, neem ons aan dat die besluite van die vergadering almal se goedkeuring sal ontvang. Die groot saak wat bespreek is, is 'n eie saamkomplek op Nairobi. Die posisie is dat die grond wat vroeër reeds deur die regering aan ons toegeken is, nou nog deur die militêre owerheid gebruik word. Verder is die antwoord op ons applikasie vir alternatiewe grond, dat daar geen verdere toekenning in die nabye toekoms gemaak sal kan word nie. En nou het die St Andrew's gemeente intussen hulle kerkie (wat ons tans reeds gereeld gebruik) met die oog op die aanbou van hulle nuwe kerk, vir ons te koop aangebied. Die vergadering het dit toe sonder teenstem aan die kerkraad opgedra om in te gaan op die moontlikheid daarvan om die kerkie teen 'n billike prys aan te koop. Die eerste stappe word reeds geneem, nl om die gebou te laat waardeer en ook te laat goedkeur deur die munisipaliteit.

Van Kenia se goudmyne na die Lupa goudveld, Tanganyika.

Ek het 'n jaar of wat vir Kavirondo Goldmines Ltd as myner gewerk. Ek het toe nog net van die Lupa goudvelde in Tanganyika gehoor, dat 'n mens met 'n bietjie geluk daar ryk word.

My laaste skof in die myn was nogal nagskof, en ek en 'n maat van my is weg op 30 September 1936. Die aand het ons geslaap by my ouers te Broederstroom op Plateau, en op die 1ste Oktober, my pa se verjaarsdag, is ons daar weg.

Ek het 'n Chevy bakkie gehad, en teëspoed het vir ons by die Naivasha brug gewag. 'n Aankomende motor het ons regter voorwiel liggies geraak en toe is die voorband daarmee heen en die kar se ewenaar begin te raas. Op Nairobi koop my maat vir hom 'n 7-9 Fiat motortjie, maar daardie ding kon olie vreet! My eie motor het ons daar by mense gelos.

Geld was min. Ons het nie by hotelle oornag nie, maar sommer in die veld geëet en geslaap. My rykdom was sewe pond tien, en daarmee die toekoms in.

Toe ons so 'n 100 myl by Iringa verby is, het ons 'n kortpad deur die Vasango vlaktes gevat tot waar ons die bergpas bereik het. En met 'n kronkelpad het ons die toppunt bereik. "Nou is ons in die Lupa goudvelde," was my maat se woorde. Soos, ons aanry, het hy my die verskillende delfplekke se name genoem: Sangambia, Ipogollo, Sinyella, Chunyia. Die dorpie was baie sentraal geleë en so het die regering al sy belange van Mbeya af hiernatoe oorgeplaas: poskantoor, polisiestasie, landdroskantoor, arbeidsburo, land- en mynwesekantoor, hospitaal. Daar was ook 'n garage, 'n paar hardewarewinkels, 'n prokureursfirma, 'n sportveld, begraafplaas, hotel.

By Mangalozi het ons op Sondag 8 Oktober 1936 by oom Hansie Joubert uitgekom, in ons soektog na my ma se broer. Oom Hansie het ons toe voorgestel aan mnr Koos en Frans le Grange, en daar was nog ander ook. Oom Hansie het ons na my oom toe beduie.

Ek het 'n goudelwenslisensie gekry en drie kentkenes vir die afsonderlike goudkleims.

My eerste goudkleim het ek by oom Daantjie

van Wyk gekoop vir 5 pond. Die eerste goudjies wat ek bymekaargekry het was sowat 'n driekwart ons troy gewig. Daardie tyd was goud per ons 4 pond, en dit het later tot 5 gestyg. Baie geld vir 'n bietjie goud, net jammer die goud was yl gesaai.

Hoe herwin mens goud uit grond uit? Spoelgoud is los stukkies of klonte wat tussen die gouddraende grond lê. Daar is drie metodes:

- 1 Sluiskaste, waar die grond met water oor die kaste gespoel word. Die kaste bevat dwarsbalkies ingelê in die kaste om die goud te keer dat dit nie direk met die water en die klip afspoel nie. Goud sak natuurlik onmiddellik af, omdat dit so swaar is.
- 2 Pannery. Enige bron van water kan gebruik word, maar die regte panne is gerieflikste. Grond word in die pan geplaas en die grond word met sekere bewegings afgespoel. 'n Kennersoog sal gou sien of daar iets is. Water en nogmaals water word gebruik.
- 3 Die droogblaser. Dit is 'n waaier wat in 'n kas ingebou is en deur 'n enjin aangedryf word. Bo-op die kas is 'n sif wat die groot klippe laat afrol en net die grond toelaat wat op 'n tweede, klein sif val. Dan waai die waaier met 'n sterk wind die grond weg sodat net die nodige swaar klippies agterbly op die sif met sy dwarsbalkies, en daar sal jy die goud kry - "If there's any". Die droogblaser is uitgevind deur 'n sekere mnr Gert de Jager, dink ek. Ek praat onder korreksie.

Ongelukkig was die Lupa goudveld arm, met net hier en daar opflikkeringe. Daar was baie Afrikaanssprekendes, maar ook baie ander nasionaliteite: Grieke, Portugese, Duitsers, 'n Rus of twee, Engelse, Indiërs. Hulle is egter in die samelewing daar een mens, want almal help mekaar. Daar word geen wrok gedra nie. Die een hand was die ander.

Ek was sewe jaar daar en het baie mense leer

ken van allerlei volke en nasies, en daar het ek ook my grootste maats ontmoet. Daar was nie ryk mense nie. Almal het gesukkel om kop bo water te hou. Soms gaan dit goed, dan is jy op goud, ander tye gaan dit broekskeur. Hier lig ek my hoed hoog vir die manne en vroue met hulle gesinne, wat nie gewankel het in hulle geloof in hulle hemelse Vader nie. So het hulle ook daar die evangelie van Christus gebring en uitgeleef. En ek is daarvan oortuig dat daar 'n saadjie van die woord van God in die grond agtergebly het, wat 'n getuienis sal lewer van daardie tyd se lewe.

Ds Brits en oom Gert van Rensburg het ons twee keer kom besoek. Ek was baie bly om oom Gert te sien, daar ek so te sê voor hom en sy vrou, tant Lena, grootgeword het. Hulle het drie kinders gehad: Hennie, Adam en Lena. Ek, Adam en Lena was saam op skool. Ds Brits en oom Gert was afgevaardigdes van die gemeentes Vergenoeg, in Eldoret. Later het ons ook 'n tydelik predikant gehad - ds Booysen, maar die oorlog het sy dienste kortgeknip.

Daar was ook ander Evangeliedienaars van verskillende groepe of instansies of kerke. Die Rooms Katolieke priesters het by hulle stasie die swartmense geleer om te bou en te boer, tot groot voordeel vir die mense in die omgewing.

Afrikaners wat ek nog goed onthou, is oom Hansie en tant Hessie Joubert, met hulle kinders, Klasie, Annie, Lood, Jan en Celliers - die tweeling, en dan Gert; oom Koos en tant Chrissie van Dyk met hulle kinders; oom Daantjie en tant Krissie van Wyk; die De Beers, Pieterses, Van der Merwes, tant Bettie Ebner, later Neël, en haar kinders, Dick, Karel en Noekie. Karel het een van my grootste vriende geword. Laaste maar nie die minste nie - Abram en sy vrou Bybie Jacobs.

HERMAANS STEYN

KWAHERI